

# HEILBRON

IF IT'S NOT IN THE HERALD, IT IS ONLY A RUMOUR

# HERALD



## >>> BLADSY 2

### Skenk bloed

Dinsdag 28 Julie 2020 en  
Donderdag 30 Julie 2020  
by die NG Suid Kerksaal.

## >>> BLADSY 3

### Diabetes-bewusmaking

Diabetes is die naasgrootste  
oorsaak vir die hoë sterftesyfer  
onder persone wat positief toets  
vir Covid-19.

## >>> BLADSY 7

### Weeskinders na Swellendam

vanaf Heilbron se  
konsentrasiekamp, aangeteken  
in die NG Kerk Swellendam  
herdenkblad.

Glorious Feathers het in samewerking met Classy Fowl, Dinsdag 21 Julie 'n pluimveeveiling van 130 lotte aangebied. Hierdie was die eerste produksieveiling van Glorious Feathers wat deur middel van Whatsapp plaasgevind het. Julius Bobbert en Christo van Meyeren het die veiling georganiseer. As beginners het hulle reeds naam gemaak op sosiale netwerke en die veiling is afgeskop met 230 potensiële kopers landswyd. Die veiling het om 15:00 begin en het om 20:30 geëindig nadat 122 van die plaaslike pluimvee suksesvol opgeveil is. Glorious Feathers boer met verskillende skouhoenderrasse soos Orpington, Brahma, Minorca, Leghorn, Frizzel, Silkie, Rosecomb en Americana. Van hierdie rasse broei nie self nie en die eiers word uitgebroei en grootgemaak deur die eienaars. Orpington hoenders word gesien as van die duurste hoenders in Suid-Afrika en het reeds pryse op veilings behaal van R12 000. Die prys word beïnvloed deur die toekennings wat die hoender asook die eienaar op 'n skou ontvang het. Uitmuntende prestasies is behaal en die duurste lot was Michelle Ovens van Heilbron se swart swane wat verkoop is vir R7 400. Die tweede hoogste lot was dié van Christo van Meyeren met sy Black Red Americana-hoendertjie vir R2 600. Julius Bobbert se Splash Orpington is verkoop vir R1 850. Marilize en Jannie Naudé se seun, WJ Naudé het sy Buff Orpington-haan vir R1 500 verkoop. WJ is slegs 15 jaar oud en het 'n passie vir sy hoenders. Vere word gepof en sy vooruitsigte vir volgende jaar is om ook te begin skou. Die totale verkope op die veiling was net onder R90 000. "As mens kyk na hierdie hoendervleispryse sal jy of sooibrand kry of verskriklik lank moet kou aan elke happie," lag Julius. Skouhoenders se eiers kan vir tot R45 'n eier verkoop word, wat dieselfde prys is as 30 gewone hoendereiers in die winkel.



Black Red Americana



Swart Swane



Buff Orpington



## SUKSESVOLLE PLUIMVEE VEILING

Splash Orpington

COVID-19

WAT JY VANDAG MOET WEE

Die jongste getalle toon dat daar 394 948 bevestigde gevalle in Suid-Afrika is. Die dodetal staan tans op 45 940 en reeds 229 175 mense het van die virus herstel. Suid-Afrika het gesprong van die agtste meeste Covid-gevalle in die wêreld na die vyfde van bo. Die jongste inligting deurgegee aan Fezile Dabi Distrikgesondheidsdienste dateer tot op 20 Julie en dui aan Ngwatho 360 bevestigde Covid-19 gevalle. Daar is bevestig dat jy die virus meer as een keer kan kry nadat eNCA berig oor 'n vrou in Durban wat dit 'n tweede keer opgedoen het. Die verbod op sigarette en alkohol word hersien deur die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake. Die nuwe voorgestelde isolasie periode het verlaag van 14 dae na 10 dae.



**FRANKFORT WEEKLIKSE VEILING**  
**DONDERDAG - ROYAL AUCTION CENTRE**



**Vir kraalbesprekings en inskrywings**  
**skakel Piet Boshoff: 083 210 7135**  
Posbus 220, Frankfort, 9830 | Tel: 038 811 1071  
E-pos: frankfort@bkbouwld.co.za  
www.bkb.co.za  
Reg. No. 2005/0061131/7

*Waar sake elke keer,  
die eerste keer reg gedoen word!*



## MANDELA-DAG

Heilbron Kliniek het die kinders en personeel van die Jeugsorgsentrum verras deur vir elkeen 'n koffiebeker gevul met lekkernye en 'n kolwyntjie te gee. As gevolg van sosiale afstand wat toegepas word, kon geen aktiwiteit soos voorheen plaasvind nie. Die kinders was opgewonde en het gevra dat die kliniek hulle weer moet besoek.

## SKENK BLOED JOU BLOED RED LEWENS

Wintermaande is tradisioneel 'n moeilike tyd vir bloedinsamelings, aangesien skole en universiteite gesluit is vir vakansietyd. Daarmee saam is daar 'n toename in tipiese wintersiektes, soos verkoues en griep, wat 'n reuse impak het op die insameling van bloed. Dit plaas SANBS onder ontsaglike druk om genoeg, veilige en goeie kwaliteit bloed in te samel.

**SANBS nooi die gemeenskap van Heilbron om bloed te skenk, Dinsdag 28 Julie 2020 en Donderdag 30 Julie 2020 by die NG Suid Kerkzaal vanaf 13:00 – 18:00.**

SANBS volg streng maatreëls om die veiligheid van skenkers te verseker. Help SANBS om 'n bloedtekort te voorkom deur bloedskenking te ondersteun. Die behoefte aan bloed neem ongelukkig nie af nie, en pasiënte benodig steeds ongeveer 3 000 eenhede bloed per dag. Vir elke dag wat hierdie doelwit nie bereik word nie, word die beskikbare voorraad uitgeput. Om 'n bloedskenker te word moet jy tussen die ouderdom van 16-75 wees, meer as 50kg weeg, iets



**SANBS**

voor jou skenking eet, 'n veilige seksuele leefstyl lei en gesond wees op die dag van skenking. Alle bloedgroepe is baie belangrik vir ons, maar ons het spesifiek Groep O nodig omdat hierdie bloedgroep verenigbaar is met al die ander bloedgroepe en is dus baie spesiaal vir ons en diegene wat 'n dringende behoefte aan bloed het. Help ons asseblief om 'n bloedtekort te voorkom om bloedskenking te ondersteun. Elke bloedskenker sal 'n geskenk van waardering ontvang.

Mediavystelling, Julie 2020, Bronwyn Petersen

## TELWIEDRE-VOERE

### VACANCY Electrical Technician

We are currently seeking a highly-skilled, reliable, self-motivated Electrical Technician to join our growing team. In this role, you will respond to all service tickets, perform routine maintenance and provide infrastructure upgrades as needed. To succeed in this position, you will be an independent, competent and thorough professional who takes great pride in their work and is committed to safety.

#### Requirements and Qualifications

1. Grade 12, N3 Electrical Studies
2. Qualified with a Red Seal (Electrician)
3. Experience reading blueprints and technical drawings
4. Experience fabricating, assembling and installing wire harnesses
5. Experience installing electrical panels
6. Experience in commercial settings strongly preferred
7. Extensive knowledge of electrical systems, wiring and all necessary equipment
8. Able to utilise hand tools and power tools
9. Ability and willingness to follow all legal and company safety regulations
10. Outstanding problem solving and critical thinking skills
11. Physical ability to complete this type of work, often in demanding environments
12. Pride in your work
13. Team-player mentality
14. Able to work independently with little supervision
15. Knowledge of PLC and plant automation
16. Willing to work after normal working hours as it is a 24/7 plant
17. Willing to obtain N6 Qualification

#### Duties and Responsibilities

1. Respond quickly to all service requests and efficiently repair electrical systems
2. Work rapidly without compromising quality in order to minimise down times
3. Communicate estimated timelines for repairs to those impacted
4. Conduct tests and assessments of new systems and repairs to ensure quality
5. Commit to compliance with all safety standard and regulations at all times
6. Perform preventative maintenance to stay ahead of potential issues
7. Troubleshoot all problems effectively, performing quality, lasting repairs
8. Install new equipment and wiring to expand infrastructure as needed
9. Log all services and report progress to management
10. Always seek the solution that is most cost effective without compromising quality
11. Maintain all equipment in excellent working order
12. Maintain a clean and organised work environment

**CLOSING DATE: Friday, 31 July 2020**

**THOSE INTERESTED:** Send your written resume/application to: A. Barnard at Telwiedre Feeds, Nr. 6 Botba Street, Heilbron or email to: admin1@telwiedre.co.za ASAP

## DIABETES-BEWUSMAKING



Die COVID-19-uitbraak is tot 'n internasionale pandemie verklaar en mense met diabetes kan meer kwesbaar wees vir die ernstige gevolge van die virus. As mense met diabetes 'n infeksie ontwikkel, kan dit moeiliker wees om te behandel as gevolg van konstante veranderinge in bloedglukosevlakke en moontlik die teenwoordigheid van suikersiekte-komplikasies. Die VF Plus versoek om 'n toets- en bewusmakingsveldtog ten opsigte van diabetes te loods. So skryf Peter Marais in 'n mediaverklaring uitgereik 17 Julie 2020. Volgens die hoof van die departement van gesondheid en maatskaplike ontwikkeling, dr. Keith Cloete, is diabetes die naasgrootste oorsaak vir die hoë sterftesyfer onder persone wat positief toets vir Covid-19. Dit beklemtoon die belangrikheid, nie net vir grootskaalse vooraftoetsing vir Covid-19 onder diabetiese nie, maar ook toetsing vir diabetes in gemeenskappe waar inwoners nie daarvan bewus is dat hulle dié siekte onder lede het en die gevare daarvan nie. Daar word beklemtoon opnuut die belangrikheid van toetsing en die beskikbaarheid van chroniese medikasie in hierdie tyd om die hoë sterftesyfer onder Covid-19-positiewe persone te verminder.

### As jy diabetes het:

Berei voor ingeval jy siek word.

Let veral op na jou glukose kontrole.

As u griepagtige simptome toon (verhoogde temperatuur, hoes, probleme met asemhaling), is dit belangrik om 'n gesondheidswerker te raadpleeg. As jy slym hoes, kan dit 'n infeksie aandui, dus moet jy onmiddellik mediese hulp en behandeling verkry.

Enige infeksie gaan jou glukosevlakke verhoog en jou behoefte aan vloeistowwe verhoog, dus maak seker dat jy toegang tot voldoende water het.

Maak seker dat jy 'n goeie voorraad medisyne het.

Sorg dat jy toegang het tot genoeg kos.

Maak seker dat jy die situasie kan regstel as jou bloedglukose skielik daal.

As jy alleen woon, maak seker dat iemand wat jy kan vertrou, weet dat jy diabetes het, aangesien jy hulp nodig het as jy siek word.



## PROTECT YOURSELF PROPERLY

DO NOT BRING DOWN YOUR MASK TO THE CHIN



When you want to eat, drink or do any activity where you have to remove your mask, remove it completely



## NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)

ADJUSTED BUDGET 2019/20

The Municipal Adjustments Budget for the financial year ending 30 June 2020 is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 28 of the Municipal Finance Management Act, Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned Act, the following table is a consolidated overview of the proposed 2019/20 Medium-term Revenue and Expenditure Framework:

**Table 1 Consolidated Overview of the 2019/20 ADJUSTMENT**

| R thousands                           | Actual Budget 2018/19 | Adjusted Budget 2018/19 | Actual Budget 2019/20 | Adjusted Budget 2019/20 |
|---------------------------------------|-----------------------|-------------------------|-----------------------|-------------------------|
| Total Operating Revenue               | 703 073               | 703 073                 | 791 221               | 764 426                 |
| Total Operating Expenditure           | 835 706               | 835 706                 | 832 506               | 782 786                 |
| <b>Surplus/(Deficit) for the year</b> | <b>-132 633</b>       | <b>-132 633</b>         | <b>-41 285</b>        | <b>-18 360</b>          |
| Total Capital Revenue                 | 102 163               | 102 163                 | 108 872               | 96 872                  |
| Total Capital Expenditure             | 102 163               | 102 163                 | 143 590               | 99 799                  |

Total operating expenditure for the 2019/20 financial year amounts to **R 782million**, the total Revenue amounting to **R 764million** and translates into a budgeted deficit of R18 million (inclusive of non-cash items, **R18 million**). The total Capital budget expenditure for 2019/20 financial year amount to **R 96.8 million**, funded by grants and **R2 million** internal funding. Included is Grant for Covid-19 Relief amounting to **R 745 000**.

The council Of Ngwathe Local Municipality, on the 26 June 2020, approved the Adjustments budget 2019/20

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website. [www.ngwathe.fs.gov.za](http://www.ngwathe.fs.gov.za)

Enquiries can be directed to:

**Bruce Kannemeyer**  
Municipal manager  
[jordaanr@ngwathe.co.za](mailto:jordaanr@ngwathe.co.za)  
Tel: 056 816 2700

**Hoplang Lebusa**  
Chief Financial Officer  
[hoplang@ngwathe.co.za](mailto:hoplang@ngwathe.co.za)  
Tel: 056 816 2700

**Themba Mpindo**  
Budget and Expenditure Manager  
[mpindo@ngwathe.co.za](mailto:mpindo@ngwathe.co.za)  
Tel: 056 816 2700

**FUNKSIONELE TERAPEUT**  
**PASTORALE BERADER**  
TRAUMA, VERLIES, GESINSBERADING  
**KINDER-SPELTERAPEUT**  
TRAUMA, VERLIES, GEDRAGSPROBLEME  
BRÉDA SCHEEPERS-083 660 5873

**Acts Ambassadors**  
† 22 Julie 2008  
*in Memoriam*  
God is ons Meester,  
Vader en Herder.  
Wanneer ons kinders  
in ons lewens stap,  
is hulle voetspore van  
goed wat vir altyd in  
ons harte sal skitter.  
Dit wat ons doen, doen ons "excellent"  
want ons dien "God van excellence"

**Heilbron Eiendomme**  
**VOLLEDIGE LYS VAN EIENDOMME OP ONS WEBWERF**  
[www.heilbroneiendomme.co.za](http://www.heilbroneiendomme.co.za)  
**WIAM 084 805 3794 • ANNELIZE 082 331 9856**  
**MAGDA 084 959 0238 (KOPPIES)**  
**HUISE TE KOOP**  
Winskople 3 Slaapkamer huis, 1 badkamer, sitkamer, eetkamer, kombuis, ruim erf. **R.380 000**  
Vegkop Uiters netjiese 4 slaapkamer huis met 2 vol badkamers, sitkamer, eetkamer, woonverrek, 2x werkskamers. Buitelapa en Jacuzziverrek.  
Goed versorgde tuin met ruim stoer en afdak. **R.995 000**  
Vegkop Uiters netjiese 4 slaapkamer huis met 2 badkamers, sitkamer, eetkamer, woonverrek.  
Kombuis met baie soliede houtkassie. Goed versorgde tuin en dubbel motorhuis. **R1 500 000**  
Sentraal Geleë 3 slaapkamer huis, 1 badkamer, sitkamer, kombuis met spens en opwas, ruim sonstoep, enkel motorhuis met groot afdak. Netjiese tuin en veilig omhein. **R.585 000**  
Sanderville Netjiese 3 slaapkamer huis met 2 badkamers, sitkamer en kombuis met netjiese kaste. Erf goed omhein met dubbel motorhuis. **R.735 000**  
**HUIS TE HUUR**  
3 slaapkamer huis met 3 badkamers, sitkamer en kombuis. Veilig omhein, enkelmotorhuis asook afdak vir 2 motors. Onmiddelik beskikbaar – **R.4800p/m**  
**VERSKEIE GEVESTIGDE BESIGHEDE NOU IN DIE MARK!**



# "WEEK SEWENTIE"

## UIT DIE PEN

Ek het die afgelope drie weke vier artikels gelees van mense wat nie meer kans gesien het vir die lewe nie. Ek weet nie of dit net die groot, swart hond was, en of die pandemie ook 'n rol hierin gespeel het nie. Dalk is dit die pandemie wat net die laaste strooi word in enige deurmekaar siel se lewe, ek weet nie, ek is nie 'n kenner daarvan nie. Maar ek weet hoe lyk die groot, swart hond. Herman was 'n pragtige seun, rooi hare en sproete. Dalk het hy my elke keer aan my eie rookopsussie laat dink. Sy mondhoekies het boontoe opgetrek wat nie 'n dominante kenmerk is nie. Jy weet mos: 'n Smiley face se glimlaggie se mondhoekie trek boontoe. Die meeste mense se mondhoekie neig af, of vorm net 'n reguit lyn. Herman het pragtige maniere gehad. Hy het altyd vriendelik gegroet, in jou oë gekyk wanneer hy met jou gepraat het. Hy het baie saam met sy ouma en oupa na dieselfde kerk toe gegaan waar ons destyds lidmate was. Herman het homself onlangs om die lewe gebring. Mense

wil eerder die term "selfdood" gebruik as "selfmoord." Ek noem dit "selfmoord" omdat die persoon wederregtelik ander mense daarvan ontnem om hom of haar verder te leer ken. Ander verskil van my. Jy mag, dis jou goeie reg. Maar ja, Herman is, as gevolg van sy eie keuse, nie meer hier nie. Sy ma het hom langs die perskeboom gevind. Hulle het Herman se ouma en oupa gebel, die dokter was daar, die buurman het kom help. Maar dit was te laat. Vir Herman was dit te laat. If I could turn back, time, sing Celine Dion. En ek kan dink dat Herman se ouers op hierdie tydstop gewens het dat hulle die tyd net 'n paar minute. Dalk het hulle gedink dat hulle al vroeër na Herman moes begin soek het. Dalk sou hulle hom eerder in watter wou toedraai en hom langer by hulle wou hê. Dalk. Dalk. Dalk. Die ander verwyte kom saam met die Brief. Noem dit dat iemand in 'n motorongeluk dood is, is die eerste vraag: "Het hy uit die kar geval?" Wanneer iemand in 'n motorfietsongeluk omgekome het, is die eerste vraag: "Het hy darem sy valhelm aangehad?" Praat oor iemand se selfmoord (of noem dit selfdood, as jy wil) en die eerste vraag is: "Het hy 'n Brief gelos?" Maak dit regtig saak? Is dit nie bietjie onsensitief om dit te vra nie? As daar nie 'n Brief was nie, sou die ouers hulself die hele tyd verwyte het omdat hulle nie geweet het wat aangaan nie. As daar 'n Brief was, sou die ouers hulself die

hele tyd verwyte het omdat hulle nie geweet het wat aangaan nie. Ses van die een en halfdosyn van die ander. Die saak is om't ewe. As klein dogtertjie, kan ek onthou, het my neef homself doodgeskiet. Die familie het almal van die Brief gepraat. Iets wat jy nie hardop mog gesê het nie, maar ook nie geïgnoreer het nie. Want my neef se Brief was iewers in 'n sakkie teen die muur gevind. Dit was my kleintyd fassinatie: die Brief in 'n sakkie teen die muur. Ek het myself probeer indink hoe die sakkie teen die muur sou lyk. Geel Checkerssakkie, miskien? Of 'n klein apteeksakkie? Was dit met Prestik teen die muur geplak of dalk met 'n spyker vasgeslaan? En op 'n vreemde manier was dit daardie tyd vir my belangrik om te weet. Wat het in die Brief gestaan? Ek weet nou nog nie, en ek dink nie iemand in die familie het ooit die geheim ontfel nie. Net soos met Herman: Die eerste boodskap wat ek ontvang het van sy dood, het gelui dat sy ma 'n Brief in 'n laai gekry het. Die volgende boodskap het uitgebrei oor wat alles in die Brief gestaan het. Soos by talle klein dorpie (julle sal weet!) het die volgende storie 'n meer sappiger stertjie bygekry: mense se name verskyn in die Brief. Herman se ma het die inhoud van die Brief aan die media bekendgemaak. Hy was by die skool geboelie en het nie maats gehad nie. Die gespottery was meestal oor sy rooi hare en sy groot voete. Waaraan hy niks kon doen nie. Dis is hoe hy geskep is. Maar ander kinders het dit blykbaar nie so gesien nie.

Twee mense het op die koerant se webblad kommentaar gelewer oor die swak skoolhoof en die dissiplinêre hoof wat dit nie kon keer nie. Herman se ma het dit duidelik in die berig genoem dat die skool sy bes gedoen het toe hulle die boeliegedrag gaan aanmeld het. Is dit regtig net die skool se verantwoordelikheid? Waar kom die ouer se plig in? En indien die skool die boelie se gedrag by sy (of haar) ouers aangemeld het, wat het die ouers daaraan gedoen? Die vraag moet eintlik wees: Indien 'n skool jou laat weet dat jou kind boeliegedrag openbaar, wat sal jy daaraan doen? Dalk sal jy dit maar net afmaak as bogstories, soos wat die meeste boelies se ouers dit doen. Wees eerlik: kan jy aan iemand dink met wie jy kleintyd (of dalk onlangs) die spot gedryf het? Ek kan, en ek wens ek kan die horlosie terugdraai en dit nie gedoen het nie. Maar totdat iemand aan jou uitgewys het dat ordentlike en opgevoede mense nie met ander spot nie, sou jy dalk aanhou met jou boeliegedrag. Klein boelies word eendag grootmensboelies. Herman se ma gaan 'n veldtog teen boelies in skole begin. Ek het 'n sms van sy pa af gekry: stel ek belang om te help? Ja, natuurlik sal ek wil help. Ter wille van Herman en ander klein Hermans in die wêreld. Rus in vrede, Herman Odendaal. Jou mooi maniere en jou pragtige glimlag sal altyd eerste by my opkom wanneer ek aan jou dink.

**CONTI SUITS & SECURITY GARMENTS**  
with CUSTOM BRANDING

john@heilbron.co.za  
085 852 3033 | marketing@heilbron.co.za

**Herald Office National**

## GEKLASSIFISEERD

Die Heilbron Herald word uitgegee en gedruk deur die eienaars  
Heilbron Herald (Edms) Bpk,  
Elsstraat 44, Posbus 166, Heilbron  
Tel: (058) 852 3033/4/5 • Faks: (058) 853 0140  
www.heilbronherald.co.za  
E-POS ADRESSE

Abrie Watson abrie@heilbron.co.za • John Watson john@heilbron.co.za  
Winkel heraldwinkel@heilbron.co.za  
Celéste herald@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)  
Carien heraldgraphics1@heilbron.co.za - (Kommersiële drukwerk & koerantbydraes)  
Delareyz finance@heilbron.co.za - (Rekenings, state ens.)  
Christelle heraldoffice@heilbron.co.za - (Bestellings ens.)  
Jeanne heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)  
Elsabé heraldgraphics2@heilbron.co.za - (Wyeformaat drukwerk, plakkers ens.)  
Silma heraldnuus@heilbron.co.za - (Koerant, advertensies)  
Silma marketing@heilbron.co.za - (Korporatiewe klere, oorpakke ens.)

Koerant sirkuleer in Heilbron, Petrus Steyn, Frankfort, Reitz en asook digitaal versprei op Heilbron se Facebook-blad en webwerf.

Menings en opinies wat uitgespreek word in briewe en rubrieke, is dié van die individue en weerspieël nie noodwendig die siening van die redaksie nie.

## KENNISGEWINGS

### NOTICE OF LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT LYING FOR INSPECTION

In die insolvent ESTATE OF THE LATE NARINA HORN, Identity Number 551216 0019 088, in life unmarried, residing at 18 Botha Street, Petrus Steyn, district Heilbron, 9640, Province Free State, Estate Number: 672/2017. Hereby notice, in accordance with Article 35(5) of Act 66 of 1965, that the FIRST AND FINAL LIQUIDATION AND DISTRIBUTION ACCOUNT will be available for inspection for a period of 21 days from date of publication in the office of the Master of the High Court Bloemfontein and in Petrus Steyn Magistrate Court. If no objections are lodged with the Master in the said period, the Executor will proceed to the payment in accordance with the said account. (GET) AA SCHUTTE CORNELIUS & PARTNERS INC 40 CHURCH STREET PO BOX 205, HEILBRON, 9650 TEL: 058 852 2035

### WINKELURE:



Maandae - Donderdae  
07:30 tot 17:00  
Vrydae:  
07:30 tot 16:30  
Saterdag:  
09:00 tot 13:00  
Elsstraat 44 • Heilbron, 9650  
Tel: 058 852 3033

## WEERVOORSPELLING



|            |        |        |
|------------|--------|--------|
| Sa 25 Jul. | 0 / 18 | Sonnig |
| So 26 Jul. | 2 / 19 | Sonnig |
| Ma 27 Jul. | 4 / 18 | Sonnig |
| Di 28 Jul. | 1 / 17 | Sonnig |
| Wo 29 Jul. | 4 / 18 | Sonnig |
| Do 30 Jul. | 5 / 21 | Sonnig |
| Vr 31 Jul. | 5 / 25 | Sonnig |
| Sa 1 Aug.  | 4 / 20 | Sonnig |
| So 2 Aug.  | 4 / 19 | Sonnig |
| Ma 3 Aug.  | 4 / 19 | Sonnig |
| Di 4 Aug.  | 4 / 20 | Sonnig |

## TE HUUR

### HEILBRON ROLBAL-KLUBHUIS

Geskik vir ongeveer 70 mense. Sluit in volledige eetgerei, stoof en 2 oonde, gelisensieerde kroeg beskikbaar.  
Hannalie Claassen 079 040 0531

### Late-Nite Video Heilbron

Ina Lessing Jams  
NOW sold here!

Old fashioned sweets  
new stock arrived.

Kerkstraat 42 C/42 C Church street  
072 807 7790 ★ 076 868 3837



### BAAL / SNY & BAAL ...

Vir sny-, hark- en baalwerk.  
Kontak  
Evert Kleynhans  
072 018 3685  
Heilbron

## SMALLS

## EIENDOMME

### VAN DER MERWE & VENNOTE EIENDOMME

Vir die beste transaksies en diens

Elsstr. 47 HEILBRON  
Tel: 058 852 2041  
Petro Meintjes 083 308 9159



### F&H PERENNIAL MANAGEMENT ENTERPRISES

We decontaminate / disinfect, sanitize & sterilize institutions using ULV Fogging (Smoke) machine with Sani-Guard disinfectant liquid.  
Our other services include:  
Construction / Repairs / Supply of stationery / Office furniture / Cleaning materials / Text Books / Office consumables / PPE's  
For quotations: E-mail: perennialmanagement@gmail.com  
Phone: 082 560 5677 SKB

Sperdatum vir artikels en advertensies vir die Heilbron Herald is Woensdae om 10:00.

### BAAL / SNY & BAAL

Vir die maak van voer, vanaf sny tot baal. 1.2m bale (tou/net). Velde of wen- akkers. Petrus Steyn, Heilbron en Lindley. Kontak Jaco Meiring 082 851 6158 of Piet Meiring 082 571 4191 peerlandhandel@gmail.com



### Andries Muller

072 447 7446  
Vrystraat 23, Heilbron  
Ou Heilbron  
Betonwerke se gebou

MILLING • KEYWAYS  
ALGEMENE DRAAIWERK  
MEGANIESE  
HERSTELWERK

## BEDANKING

Baie dankie aan almal wat Donderdag vir Annatjie so baie gehelp het. Mari, Danie Knoetze en Dr. Lood wat so vinnig op die toneel was. Baie dankie ook vir almal se besoeke, gebede, oproepe en belangstelling. Baie dankie aan Veronica, Ansa en Santie en al haar vriendinne wat haar so bystaan, julle beteken baie vir haar. Dankie ook aan dr. Danie van Stryp vir so baie wat hy beteken het en nog steeds doen. Baie dankie ds Braam vir wat jy vir ons in hierdie tyd beteken. Melinka jy is die dapperste dogtertjie.

## DIE RUS INGEGAAN

Geboore Heilbronner en oud-inwoner, Rina Brown (vrou van wyle Gordon Brown), het op Saterdag, 18 Julie te Residentia Aftreeoord Bethlehem, sag heengegaan op die ouderdom van 84 jaar. Sy word oorleef deur haar dogters, Connie Venter (Bethlehem) en Marina Stander (NZ), en seun, Gordon Brown (Pretoria), asook vier kleinkinders en nege agterkleinkinders. Ons dank ons Vader dat Hy in Sy groot liefde so 'n wonderlike moeder, ouma, oumagrootjie en vriendin aan ons geleen het. Die herinneringe aan haar sal vir ons altyd mooi en kosbaar bly.



† In liefdevolle herinnering aan Mapondiyana Elizabeth Khiba (Matsie) oorlede op 13 Julie 2020 in die ouderdom van 67. Die begrafnis het plaasgevind op 15 Julie 2020 op die Plaas Begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende.  
† In liefdevolle herinnering aan Paulus Mokhoantle oorlede op 17 Julie 2020 in die ouderdom van 74. Die begrafnis vind plaas op 26 Julie 2020 in die Heilbron omgewing. Hy laat na sy familie en vriende.  
† In liefdevolle herinnering aan Anna Johanna Louw oorlede op 14 Julie 2020 in die ouderdom van 81. Die begrafnis vind plaas op 25 Julie 2020 op die Sandersville Begraafplaas. Sy laat na haar familie en vriende.  
† In liefdevolle herinnering aan Bennett Molotsi oorlede op 14 Julie 2020 in die ouderdom van 54. Die begrafnis het plaasgevind op 17 Julie 2020 op die Plaas Begraafplaas. Hy laat na sy familie en vriende.



## GEMEENSKAPSNUUS

Die volgende skrywe is ontvang van 'n leser gerig aan die Redakteur.

Dis met groot hartseer dat ek weereens besef ons mense gun mekaar ook niks. Ek was die week op 'n Whatsapp groep bygesit. Geen name nie... En sommer met die intrapslag sien ek 'n bakleiery oor wie wat mag adverteer en verkoop.

En toe word die persoon verwyder en begin toe sommer nog 'n soortgelyke groepie. Nee, sjoe mense, Spar en OK bestook mekaar nie met klippe net omdat hulle dieselfde produkte verkoop nie... Nodeloos om te sê, ek het dadelik beide groepie verlaat. Komaan mense elke persoon mag kies waar hy wat en by wie hy wil koop.

## BRIEWE VAN ONS LESERS

Die volgende skrywe is ontvang van H Howell van Huis Bron-van-Heil gerig aan die Redakteur.

**My vingerafdrukke**

Here, oral waar ek gaan laat ek vingerafdrukke na. Op die hande wat ek aanraak, op borde, mure en boeke. Daar is nie wegkomkans nie. Waar ek vat plaas ek 'n teken van my identiteit. Help my Here om vandag waar ek ook al gaan hart afdrukke na te laat. Hart

afdrukke van regverdigheid en deernis van begrip en liefde, van barmhartigheid en belangstelling. Hart afdrukke van hartlikheid, vriendelikheid en van opregte betrokkenheid. Mag my hart 'n ander hart aanraak en 'n afdruk van U liefde laat. As iemand sou sê: "Jou aanraking het my vandag versterk," laat hulle agterbly met die wete dat dit U liefde was, en U voorbeeld was, wat hulle in my ervaar het. Wees veral versigtig, of liever laat ek versigtig wees, Here met my vingerafdrukke, dat dit tot U eer sal wees, deur U liefde oor te dra na ander.

Bron: Lewende Lote, gemeente blaadjie van PS. Ingestuur deur Helene Howell inwoner van Huis Bron-van-Heil. NS. Ek het nooit vergeet van jou nie Annetjie (Grobler), net nie gewet hoe om jou te kontak nie. Baie dankie vir jou skrywe, waardeer dit baie.

Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer gerig aan die Redakteur.

Terwyl ek hierdie week besig is om die dongas in Jacobsstraat ten duurste met teer te vul, was die taalgebruik so by myself nie geskik vir publikasie in 'n gemeenskapskoerant nie. Ek het gewonder wat word van die belastinggeld wat elke maand deur inwoners betaal word, ja, ek het 'n baie goeie idee, maar ek mag dit nie sê nie, want dan word ek dalk 'n rassis genoem.

Na 34 sakkies teer en baie meer onpubliseerbare woorde is die straat darem weer in so 'n toestand dat jy nie 'n 4X4 nodig het nie. Daarmee saam het ek het nou gewonder wat van elke jaar se begroting word wat ons hooggeplaaste munisipale amptenare opstel. Is dit moontlik dat hierdie begroting gepubliseer kan word, sodat ons as inwoners kan sien wanneer word watter instandhouding in Heilbron gedoen en dan kan daar gereeld ook terugvoer gegee word ten opsigte van die werk wat in die afgelope periode gedoen is?

Dalk kan daar ook terugvoer gegee word hoe gereeld word die amptenare se voertuie vervang. 'n Begroting is mos 'n plan om te sê wat jy met die geld gaan doen by, wanneer word watter straat/strate herstel, wanneer word beskadigde verkeerstekens vervang, wanneer word die stortingsterrein opgeknop, of wanneer gaan 'n werkende verkeersbeampte aangestel word. Hierdie is slegs 'n paar vrae wat deur baie van ons as inwoners gevra word.

## HEILBRON STUUR 31 WEESKINDERS NA SWELLENDAM

In die Anglo Boere-oorlog van 1898-1902 toe Engeland verwoesting gesaai het met sy "Scorched Earth" beleid (taktiek) waar dorpe afgebrand, plaasopstalle afgebrand en vee doodgesteek is, se wreedhede sal nooit alles op die lappe kom nie. Die uitwerking op die boere, en die kinders en vrouens wat in konsentrasiekampe aangehou is onder onmenslike omstandighede, se reperiessies sal nooit werklik bepaal kan word nie. Daar sal gedurige opflikkerings na vore kom wat die huidige inwoners van Suid-Afrika terugvoer na daardie tye – wat was en die gevolge tot vandag toe gevoel word. Ds. Braam van Zyl van die NG Moederkerk en nig Quarta Pretorius het 'n insident onder my aandag gebring wat die vlam weer aangeblaas het. 'n Inwoner van Swellendam het 'n skrywe gestuur van 'n aantekening in die NG Kerk Swellendam se 150ste herdenksblad, waar 'n klein paragraaf aangehaal word rakende 31 weeskinders van Heilbron se konsentrasiekamp, wat Swellendam toe gestuur is vanaf Heilbron. Die boek is uitgegee in 1948. Daar word aangehaal dat op 23 Januarie 1903 'n aandoenlike toneel hom afgespeel het. Daardie dag het 31 oorlogswesies uit Heilbron op die stasie aangekom en is deur 'n groot skare van die NG Kerk Swellendam gemeente ontmoet... Na die ontmoeting is almal na die saal en is hulle onthaal en het hulle daarna saam met die families wat voortaan ook "hulle familie" sou wees, vertrek. Dit laat ons so dink aan die Duitse weeskinders wat na die Tweede Wêreldoorlog in Suid-Afrika ingeneem is. Ons het die afgelope weke probeer om meer oor die kinders te wete te kom deur middel van die Langebaan Bulletin – die plaaslike koerant – maar was sonder enige sukses. Die saak is nog nie van die mat gegee nie en dalk is daar nageslagte wat sal reageer. Inwoners kan gerus gaan kyk na die kindermunument in die begraafplaas wat ter herdenking opgerig is. Plaas 'n veldblommetjie of 'n blommetjie van u keuse by die monument ter nagedagtenis. *Time Gentleman. Tom Watson*

## SKOLE RUGBY GAAN VOORT

*School of Rugby* het 'n peiling op Facebook bekendgestel waar skole teen mekaar kan kompeteer net soos in 'n rugbywedstryd. Die handhawing van sosiale afstand forseer 'n nuwe digitale normaal op die samelewing af, wat maak dat mense kreatief begin dink om steeds met mekaar interaksie te hê.

'n Totaal van 128 skole vat mekaar kop-aan-kop aan in hierdie virtuele skolerugby kampioenskappe om hulle plekke in die kompetisie te verseker. Hoërskool Lydenburg sê die Hoërskool Heilbron die stryd aan in die eerste ronde van die BDCE Campus. Die skool met die meeste stemme teen Saterdag, 25 Julie 2020

sal na die tweede rondte van die BDCE Campus Cup deurdring. Tans is dit week 2 van die kompetisie en Heilbron se eerste digitale stryd is tans aktief. Volgens die gelyste wedstryde neem omliggende skole ook hieraan deel: Vereniging Gimnasium, HTS Sasolburg, Wilgerivier, Reitz, Bethlehem Voortrekker en verskeie ander. Die wenner van die BDCE Campus Cup wen R15 000 in kontant en 'n USN hamper ter waarde van R8 000. Die

skool in die tweede plek ontvang ook 'n kontantprys van R10 000. Die kleiner skole staan ook 'n kans en die sogenaamde tweede vlak skool wen R5 000 wat die verste in die kompetisie vorder. Gaan loer gerus op [www.schoolofrugby.co.za](http://www.schoolofrugby.co.za) waaroor die kompetisie gaan. Deel die meningsopname op *School of Rugby* se Facebook-blad so veel as moontlik om al jou vriende en oud-leerlinge van die skool te kry om vir die skool wat jy ondersteun, te stem.



### NGWATHE LOCAL MUNICIPALITY (FS203)

ANNUAL BUDGET 2020/21- 2022/23

The Municipal Budget for the financial year ending 30 June 2021 is hereby published in accordance with Chapter 4, Section 22 of the Municipal Finance Management Act, Act No. 56 of 2003.

In view of the aforementioned, the following table is a consolidated overview of the proposed 2020/21 Medium-term Revenue and Expenditure Framework:

Table 1 Consolidated Overview of the 2020/21

| R thousands                    | Actual Budget 2019/20 | Adjusted Budget 2019/20 | Budget year 2020/21 | Budget year 2021/22 | Budget year 2022/23 |
|--------------------------------|-----------------------|-------------------------|---------------------|---------------------|---------------------|
| Total Operating Revenue        | 791 221               | 764 426                 | 804 455             | 827 317             | 871 619             |
| Total Operating Expenditure    | 832 506               | 782 786                 | 823 642             | 865 122             | 910 287             |
| Surplus/(Deficit) for the year | -41 285               | -18 360                 | -19 186             | -37 804             | -38 668             |
| Total Capital Revenue          | 108 872               | 96 872                  | 119 118             | 174 223             | 150 422             |
| Total Capital Expenditure      | 143 590               | 99 799                  | 120 818             | 174 223             | 150 422             |

Total operating expenditure for the 2020/21 financial year amounts to **R 823.6 million**, the total Revenue amounting to **R 804.4 million** and translates into a budgeted deficit of **R 19.1 million** (this is due to including non-cash items, amounting to **R19.1 million**). The total Capital budget for 2020/21 financial year amount to **R 128 million**, based on the **R119 million** funded by grants and **R1.7 million** internal funding.

The Council of Ngwathe Local Municipality, on the 26 June 2020, approved the Budget 2020/21- 2022/23

The copy of the budget adjustment is available on the municipal website. [www.ngwathe.fs.gov.za](http://www.ngwathe.fs.gov.za)

Enquiries can be directed to:

**Bruce Kannemeyer**

Municipal manager

[jordaanr@ngwathe.co.za](mailto:jordaanr@ngwathe.co.za)

Tel: 056 816 2700

**Themba Mpindo**

Budget and Expenditure Manager

[mpindo@ngwathe.co.za](mailto:mpindo@ngwathe.co.za)

Tel: 056 816 2700

**Hopolang Lebusa**

Chief Financial Officer

[hopolang@ngwathe.co.za](mailto:hopolang@ngwathe.co.za)

Tel: 056 816 2700

# GiG

Technologies (Pty) Ltd

## SPLINTERNUWE WI-FI TORING IN HEILBRON



Gig Technologies voorsien nou al vir 9 jaar in al die tegniese behoeftes van Heilbronn. Na onlangse opgradering is hulle trots om bekend te maak dat hulle splinternuwe Wi-Fi toring in Heilbron opgerig is. Hierdie toring stel hulle in staat om met die nuutste "Air Fibre" tegnologie, die beste draadlose internet aan die dorp te verskaf. Die toring is opgerig by die Epol gebou in Machtstraat en staan 30m hoog. Adriaan Smit en die Gig span het self die toring, wat deur LMV Engineers goedgekeur is, gebou en opgerig. Hierdie projek was reeds die afgelope 5 maande in beplanning en is gedurende laas week na harde werk afgehandel. Kontak hulle gerus by 072 840 4495 / 074 279 6993 vir enige internet navrae, asook rekenaarprodukte, herstelwerk, en CCTV installasies.

Gig Technologies have been supporting Heilbron residents with technological needs for the past nine years. They are proud to now announce, after recent upgrades, the completion of their brand-new Wi-Fi tower in Heilbron. This tower enables them to provide the best Wireless Internet in town utilising the latest Air Fibre technology. The tower was erected at the Epol building in Macht Street and stand 30m high. Adriaan Smit and the Gig team built the tower, which was approved by LMV Engineers, themselves. This project was planned over 5 months ago and was completed during last week. Feel free to contact them on 072 840 4495/074 279 6993 for any internet queries or computer products, repairs, and CCTV installations.



HERALD

# NELLIE IN 'N OPSWAAI FASE

Verlede Saterdag se HBA-maandbeker het goeie belangstelling gehad met sowat 25 spelers wat opgedaag het vir gholf. Johan Nelson het die dag gewen met bestendige gholf, maar hy en sy maat Willie Pretorius moes die knie buig in die dubbel

putjiespel teen Arnold en Pieter. Dit was nie dat Willie swak gespeel het nie, hulle opponente het net hulle kanse beter gebruik. In ander uitspeel wedstryde wen Obie en Christene vir Abrie en Edward, John en Julyan verloor ook teen Leonard en Niklaas. Ruan en Willem klop vir Gerrie en Eben. Hierdie Saterdag se spelformaat is IPS. Daar sal weer 'n paar vleispryse op die spel wees. Inskrywings vanaf 10:30 vir afslaan 11:00.



Die Juniemaand HBA-maandbeker wenner v.l. Eben Stander (73 netto, tweede), Johan Nelson (71 netto, wenner), Arnold Saayman (73 netto, derde) en Meloney Pretorius, borg HBA, wat die beker oorhandig het.

# ROLBAL WORD ONTPERK

Soos die woord tsoenami 'n paar jaar gelede ewe skielik alom-bekend geword het, so het die woord kwarantyn en inperking ook ewe skielik 'n alledaagse gebruikswoord geword en almal praat van kwarantyn, inperking en die virus.

Die een dag speel ons nog rolbal, almal lag en gesels, en die volgende dag word ons ingeperk en die rolbalsakke staan en stof opgaar terwyl die nuus elke dag geluister en gelees word om te sien wanneer ons weer sal kan speel. Dan uiteindelik na 4 lang maande kon ons die rolbalsakke afstof.

Gemasker en "gesanteer" het lede opgedaag, al die reëls in plek en protokol nagekom – ook 'n nuwe woord wat deesdae algemeen gebruik word – is die rolballe uitgehaal. Dit was 'n vreugdevolle middag met

weersomstandighede wat saamgespeel het, 'n dag vol sonskyn. Vir 'n paar uur kon daar vergeet word van 'n virus wat die hele wêreld deurmekaar kom krap het. Alhoewel geen kompetisies tans tussen klubs gespeel mag word nie, is die sosiale spel op hierdie

stadium sommer net lekker. Soos reeds genoem, word daar hard probeer om alle reëls en protokol na te kom soos neergelê deur Rolbal Suid-Afrika, na hul onderhandeling met die nasionale sportfederasie.

## TELWIEDRE-VOERE

### VACANCY

#### Maintenance Artisan: Fitter / Boilermaker

We are currently seeking a highly-skilled, reliable, self-motivated Maintenance Artisan: Fitter / Boilermaker to join our growing team. In this role, you will respond to all service tickets, perform routine maintenance and provide infrastructure upgrades as needed. To succeed in this position, you will be an independent, competent and thorough professional who takes great pride in their work and is committed to safety.

#### Requirements and Qualifications

- 1 Minimum qualifications: Grade 12 / N2 & Trade certificate
- 2 3 years' appropriate experience
- 3 Computer literacy
- 4 Driver's licence
- 5 Able to work independently with little supervision
- 6 Willing to work after normal working hours as it is a 24/7 plant
- 7 Ability and willingness to follow all legal and company safety regulations
- 8 Outstanding problem solving and critical thinking skills
- 9 Able to utilise hand tools and power tools

#### Duties and Responsibilities

- 1 Ensure adherence to health and safety, environment, quality and housekeeping in section
- 2 Apply fault-finding techniques, conduct root cause failure analysis and regular plant inspections
- 3 Clean, maintain and repair mechanical parts, components and equipment
- 4 Conduct regular plant and steel structures inspections
- 5 Carry out workshop fabrication, equipment assembly and installation
- 6 Complete breakdown and preventive maintenance work orders, create subsequent notifications, and provide feedback on work performed
- 7 Attain and maintain relevant licences and authorisations required to execute allocated duties e.g. Basic Rigging, Working at Heights
- 8 Maintain all equipment in excellent working order
- 9 Perform preventative maintenance to stay ahead of potential issues

**CLOSING DATE: Friday, 31 July 2020**

**THOSE INTERESTED:** Send your written resume/application to A. Barnard at Telwiedre Feeds, Nr. 6 Botha Street, Heilbron or email to: [admin1@telwiedre.co.za](mailto:admin1@telwiedre.co.za) ASAP

## Heilbron • Edenville • Frankfort



**Hugo Groenewald**  
**082 569 7205**

Kontak hom gerus vir enige Lewendebeve benierking, Uit-die-hand-transaksies of veiling navrae!

[www.vissentrail.co.za](http://www.vissentrail.co.za)

Vissentrail  
J.J. Huismanstraat-17  
Frankfort, 9530  
Self: 082 569 7205  
Kantoor: 056 811 1067



## BKB Louwid NOORD

Die komende week se BELANGRIKSTE veillings

### DINSDAG - 28 JULIE 2020

ALERSKORP Weeklikse veiling  
Kontak: Fanie Nel 082 325 3068

VEREENIGING Weeklikse veiling  
Kontak: Frank Pretorius 079 560 7006

### WOENSDAG - 29 JULIE 2020

RIEMEL Maandlikse veiling  
Kontak: Lohas Shoshkany 087 434 8006

### DONDERDAG - 30 JULIE 2020

FRANKFORT Weeklikse veiling  
Kontak: Jacques Meyer 079 691 0095

KROONSTAD Weeklikse veiling  
Kontak: Rudy van der Westhuizen 079 418 4289

### VRYDAG - 31 JULIE 2020

STANDERTON Weeklikse veiling  
Kontak: Paul de Bruyn 079 862 1138

POTCHEFSTROOM Weeklikse veiling  
Kontak: Sally de Villiers 073 816 6966

[www.bkb.co.za](http://www.bkb.co.za)  
BKB Louwid NOORD: 056/026133/69  
Postbus 220, Frankfort, 9530  
Tel: (056) 812 1071 Faks: (056) 812 2327  
e-pos: [frankfort@bkb-louwid.co.za](mailto:frankfort@bkb-louwid.co.za)

